basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

FEBRUARIE/MAART 2016

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye en 'n 16 bladsy-antwoordeboek.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.

3. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.

4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Waar van toepassing moet alle bewerkings tot EEN desimale punt bereken word.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n gids wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 30 punte; 15 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Krediteure-rekonsiliasie en Interne Beheer	**Finansiële rekeningkunde** Rekonsilieer 'n Krediteurerekening met 'n staat **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer en interne oudit

VRAAG 2: 50 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Vervaardiging	**Bestuursrekeningkunde** Produksiekostestaat Gelykbreekpunt **Bestuur van hulpbronne** Etiese gedrag

VRAAG 3: 40 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
BTW en Voorraadwaardasie	**Finansiële rekeningkunde** BTW-konsepte en berekeninge **Bestuur van hulpbronne** Spesifieke identifikasie en geweegdegemiddelde-metodes

VRAAG 4: 65 punte; 40 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Inkomstestaat, Nota tot die Balansstaat en Ouditverslag	**Finansiële rekeningkunde** AARP-beginsels Inkomstestaat Handels- en ander ontvangbare bedrae Ouditverslag

VRAAG 5: 65 punte; 40 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Kontantvloeistaat, Ontleding en Vertolking van Finansiële State	**Finansiële rekeningkunde** Kontantvloeistaat Ontleding en vertolking van finansiële inligting Notas tot die Balansstaat **Bestuur van hulpbronne** Bateverkope

VRAAG 6: 50 punte; 35 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Begrotings	**Bestuursrekeningkunde** Ontleed en vertolk 'n Kontantbegroting **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer en interne oudit

VRAAG 1: KREDITEURE-REKONSILIASIE EN INTERNE BEHEER

(30 punte; 15 minute)

Machu Handelaars koop goedere op krediet by Pikor Verskaffers. Die besigheid het 'n staat vir April 2015 van die krediteur ontvang.

GEVRA:

1.1 Verduidelik hoe die Krediteure-rekonsiliasiestaat die besigheid ten opsigte van hulle interne beheermaatreëls kan bystaan. Noem TWEE punte. (4)

1.2 Bereken die korrekte saldo van Pikor Verskaffers in die Krediteure-grootboekrekening van Machu Handelaars. Toon die veranderinge aan die syfer R116 400. (12)

1.3 Stel 'n Krediteure-rekonsiliasiestaat vir Pikor Verskaffers op 30 April 2015 op. (10)

1.4 Die eienaar van Machu Handelaars is nie heeltemal tevrede met die diens en kwaliteit van goedere wat van Pikor Verskaffers ontvang word nie. Stel TWEE faktore voor wat hy moet oorweeg voordat hy van verskaffer verander. (4)

INLIGTING:

A. Krediteuregrootboek van Machu Handelaars

PIKOR VERSKAFFERS (KG4)					
Datum			**Debiet**	**Krediet**	**Saldo**
2015 April	01	Saldo			44 220
	08	Faktuur 153		54 000	98 220
	10	Tjek 1449	22 500		75 720
	12	Debietnota 746	5 760		69 960
	15	Faktuur 111		27 300	97 260
	17	Faktuur 214		91 500	188 760
	21	Faktuur 273		20 250	209 010
	24	Debietnota 966		5 400	214 410
	27	Joernaalbewys 490	3 600		210 810
	31	Tjek 2346	93 000		117 810
		Korting	1 410		116 400

B. Staat op 30 April 2015 ontvang:

PIKOR VERSKAFFERS Posbus 249, Sabie, 8234. Tel: 013 748 0703					
Machu Handelaars **Posbus 313** **Graskop, 8250**			**Datum: 25 April 2015** **Kredietlimiet: R100 000** **Betalingsvoorwaardes: 50 dae**		
Rente op uitstaande rekeninge: 6%					
DATUM			**DEBIET**	**KREDIET**	**BEDRAG**
2015 April	01	Rekening gelewer			44 220
	05	Rente	780		45 000
	08	Faktuur 153	54 000		99 000
	10	Kwitansie 491		22 500	76 500
		Korting		480	76 020
	12	Kredietnota 511		6 570	69 450
	17	Faktuur 214	91 500		160 950
	19	Kwitansie 654		84 000	76 950
	21	Faktuur 273	50 250		127 200
	24	Kredietnota 632		5 400	121 800

C. Addisionele inligting

1. Die korting van R480 wat op 10 April 2015 van Pikor Verskaffers ontvang is, is foutiewelik uit die boeke van Machu Handelaars gelaat.

2. Faktuur 111 is foutiewelik in Pikor Verskaffers se rekening in die Krediteuregrootboek van Machu Handelaars getoon. Dit verwys na voorraad wat by 'n ander verskaffer, Lethu Verskaffers, gekoop is.

3. Pikor Verskaffers het 'n fout gemaak met die boekstawing van faktuur 273 op die staat.

4. Goedere wat op 12 April 2015 teruggestuur is, is korrek in Pikor Verskaffers se staat geboekstaaf. Die inskrywing in die boeke van Machu Handelaars is foutief.

5. Kwitansie 654 is foutiewelik in die staat van Pikor Verskaffers getoon. Hierdie transaksie is nie van toepassing op Machu Handelaars nie en sal op die volgende staat reggestel word.

6. Pikor Verskaffers koop ook goedere op krediet by Machu Handelaars. Verwys na Joernaalbewys 490. Machu Handelaars het 'n debietsaldo uit die Debiteuregrootboek oorgeplaas. Hierdie inskrywing is nie deur Pikor Verskaffers geboekstaaf nie

7. Die transaksie op 24 April 2015 is ten opsigte van goedere wat aan Pikor Verskaffers teruggestuur is.

8. Die rekeningstaat toon transaksies tot en met 25 April 2015.

30

VRAAG 2: VERVAARDIGING (50 punte; 25 minute)

2.1 KONSEPTE

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.3) in die ANTWOORDEBOEK.

2.1.1 Kommissie op verkope sal as 'n administrasiekoste geklassifiseer word. (1)

2.1.2 Advertensies is deel van fabrieksbokoste. (1)

2.1.3 Vraggeld op grondstof gekoop, verhoog die koste van grondstof uitgereik vir produksie. (1)

2.2 STAR WHEELS VERVAARDIGERS

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Star Wheels Vervaardigers vir die jaar geëindig 31 Desember 2015. Die onderneming vervaardig een soort fiets.

GEVRA:

2.2.1 Stel die volgende notas tot die Produksiekostestaat op:

- Direkte arbeidskoste (9)
- Fabrieksbokoste (13)

2.2.2 Stel die Produksiekostestaat op. (10)

INLIGTING:

A. Voorraadsaldo's:

	31 Desember 2015	**1 Januarie 2015**
Grondstofvoorraad		
Goedere-in-bewerkingvoorraad	**?**	R160 000
Klaarproduktevoorraad	R95 000	R110 000
Indirekte fabrieksmateriaal	R15 100	R13 200

B. Werknemers in die produksieproses:

Getal werknemers	14 werknemers
Basiese **maandelikse** salaris van elke werknemer	R7 000
Totale ure oortyd gewerk **per werknemer** vir die jaar	144 uur
Oortydtarief per uur	R65

Indiensnemingsvoordele:

- Alle werknemers in die produksieproses werk dieselfde aantal ure oortyd.
- WVF-aftrekkings van die basiese salaris is 1%. Die werkgewer dra 'n bykomende 1% van die **basiese** salaris tot die WVF by.

C. Die fabrieksvoorman is geregtig op 'n jaarlikse salaris van R156 000 (WVF en pensioenvoordele ingesluit).

D. Rekeninge wat op 31 Desember 2015 in die Algemene Grootboek verskyn:

Water en elektrisiteit	R104 000
Huuruitgawe	R115 200
Versekering	R71 400

- 10% van die water en elektrisiteit is deur die administrasiekantoor gebruik. Die fabriek het die res gebruik.
- Huur word tussen die verskillende afdelings volgens vloerspasie verdeel:

	Totaal	**Fabriek**	**Administrasie**	**Verkope**
Vloerspasie	1 500 m^2	600 m^2	400 m^2	500 m^2

- Versekering van R2 800 vir Desember 2015 is steeds uitstaande. Versekering word in 'n verhouding 3 **:** 2 **:** 2 tussen die fabriek, verkoops- en administrasieafdelings verdeel.

E. Indirekte materiaal van R38 400 is in die finansiële jaar vir die fabriek aangekoop.

F. Die volgende syfers is vir die finansiële jaar bereken:
- Waardevermindering op fabriekstoerusting, R277 220
- Direkte materiale (grondstowwe) uitgereik vir vervaardiging, R2 100 000

G. Besonderhede uit die Inkomstestaat vir die jaar:

Verkope van klaarprodukte	R6 200 000
Koste van verkope van klaarprodukte	R4 015 000

2.3 NUTRITIOUS EATS

Hierdie besigheid vervaardig en verkoop een soort ontbytgraankos. Craig Manning is die alleeneienaar. Die finansiële jaareinde is 31 Oktober.

GEVRA:

2.3.1 Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 31 Oktober 2015. (4)

2.3.2 Behoort die onderneming tevrede te wees met die getal eenhede wat hulle in die huidige finansiële jaar vervaardig en verkoop het? Verduidelik. Haal syfers aan. (3)

2.3.3 Gee TWEE moontlike redes vir die styging in die direkte materiaalkoste per eenheid in die huidige finansiële jaar. (4)

2.3.4 Craig stel voor dat, om die finansiële resultate in die nuwe finansiële jaar te verbeter, die hoeveelheid graankos per houer met 10% verminder moet word en dat die verkoopprys dieselfde moet bly. Gee TWEE geldige redes waarom hy dit nie moet doen nie. (4)

INLIGTING:

Die volgende inligting is uit die rekeningkundige rekords geneem:

	31 Oktober 2015		**31 Oktober 2014**	
	Totaal	**Per eenheid**	**Totaal**	**Per eenheid**
Verkope	R1 792 000	R28,00	R1 794 000	R23,00
Veranderlike koste	R1 024 000	R16,00	R975 000	R12,50
Vaste koste	R736 000	R11,50	R630 000	R8,08
Direkte materiaalkoste	R656 000	R10,25	R592 800	R7,60
Gelykbreekpunt	**?**		60 000 eenhede	
Getal eenhede gemaak (vervaardig) en verkoop	64 000 eenhede		78 000 eenhede	

50

VRAAG 3: BTW EN VOORRAADWAARDASIE (40 punte; 25 minute)

3.1 BTW-KONSEPTE

Verander die onderstreepte gedeeltes in die volgende sinne om die stellings WAAR te maak. Skryf slegs die antwoord neer langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.3) in die ANTWOORDEBOEK.

3.1.1 Inset-BTW is BTW wat teen kliënte gehef word. (1)

3.1.2 BTW is aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank betaalbaar. (1)

3.1.3 BTW op vrugte en groente word teen 14% gehef. (1)

3.2 BTW-BEREKENINGE

Wandile Handelaars is 'n BTW-geregistreerde onderneming. Die standaardkoers vir BTW is 14%.

GEVRA:

Bereken die korrekte bedrag BTW wat die besigheid moet betaal. Toon ALLE bewerkings. (12)

INLIGTING:

Die boekhouer, Felix, het die BTW-kontrolerekening vir die belastingtydperk wat op 31 Mei 2015 eindig, opgestel en by 'n bedrag **R43 820**, wat vir BTW betaal moet word, uitgekom.

Die interne ouditeur het egter die volgende foute en weglatings geïdentifiseer wat steeds in ag geneem moet word om die korrekte BTW-betaalbare bedrag te bereken:

A.	Verkoopsfakture uit die Debiteurejoernaal weggelaat, BTW ingesluit	R10 830
B.	Beskadigde goedere aan verskaffers teruggestuur, BTW uitgesluit	18 600
C.	BTW op diverse besigheidsuitgawes uitgelaat	6 818
D.	BTW op kortings van verskaffers ontvang	756
E.	BTW op oninbare skulde ingevorder	112
F.	BTW op oninbare skulde is aan die verkeerde kant van die BTW-kontrolerekening geboekstaaf	92

3.3 VOORRAADWAARDASIE

Bamjee Winkels verkoop twee soorte manshorlosies:
- Johx, van Duitsland ingevoer
- Kwatz, plaaslik vervaardig

Die finansiële jaar het op 31 Augustus 2015 geëindig.

GEVRA:

3.3.1 Bereken die volgende met betrekking tot Johx-horlosies op 31 Augustus 2015:

(a) Eindvoorraad (5)
(b) Koste van verkope (4)
(c) Gemiddelde voorraadhoudingstydperk (in dae) (4)

3.3.2 Bereken die volgende waardes (in rand) met betrekking tot Kwatz-horlosies op 31 Augustus 2015:

(a) Eindvoorraad (7)
(b) Verkope (3)

3.3.3 Verduidelik waarom die besigheid verskillende metodes gebruik om elke soort horlosie te waardeer. Noem EEN geldige punt. (2)

INLIGTING

A.
- Die besigheid gebruik die volgende metodes om die voorraad horlosies te waardeer:
  - Johx – spesifieke identifikasie
  - Kwatz – geweegde gemiddeld
- Geen horlosies is in die finansiële jaar gesteel of vermis nie.

B. Inligting met betrekking tot Johx-horlosies:

	EEN-HEDE	EENHEIDS-PRYS	TOTALE BEDRAG	EENHEDE VERKOOP	TOTALE VERKOPE
Aanvangsvoorraad	12	R6 500	R78 000	11	R125 125
Aankope:	**35**		**R252 000**		
September 2014	15	R6 800	R102 000	10	R119 000
Januarie 2015	12	R7 300	R87 600	10	R127 750
April 2015	8	R7 800	R62 400	5	R68 250
	47		**R330 000**	**36**	**R440 125**

- Die kosprys van Johx-horlosies sluit alle vervoerkoste en doeaneverpligtinge in.
- Hierdie horlosies word teen 'n winsopslag van 75% op kosprys verkoop.

C. Inligting met betrekking tot Kwatz-horlosies:

	EENHEDE	EENHEIDSPRYS	TOTALE BEDRAG
Aanvangsvoorraad	95	R340	R32 300
Aankope:	**675**		**R259 900**
September 2014	320	R375	R120 000
Januarie 2015	210	R390	R81 900
April 2015	145	R400	R58 000

- Kwatz-horlosies word teen 'n vaste verkoopprys van R520 elk verkoop.
- Koste om Kwatz-horlosies vanaf plaaslike verskaffers te vervoer, het R11 950 vir die finansiële jaar beloop en is nie by die syfers hierbo ingesluit nie.
- Daar was 92 Kwatz-horlosies in voorraad op 31 Augustus 2015.

40

VRAAG 4: INKOMSTESTAAT, NOTA TOT DIE BALANSSTAAT EN OUDITVERSLAG (65 punte; 40 minute)

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Musica Beperk vir die jaar geëindig 31 Desember 2015.

GEVRA:

4.1 Stel die Inkomstestaat op. (50)

4.2 Stel die Nota tot die Balansstaat vir Handels- en Ander Ontvangbare Bedrae op. (10)

INLIGTING:

Uittreksel uit Vooraansuiweringsproefbalans op 31 Desember 2015:

Balansstaatrekeninge-afdeling	**Debiet**	**Krediet**
Gewone aandelekapitaal		3 000 000
Behoue inkomste (1 Januarie 2015)		628 000
Lening van Paris Bank		540 800
Debiteurekontrole	125 000	
Krediteurekontrole		96 200
Voorsiening vir oninbare skulde		7 150
Handelsvoorraad	376 000	
SAID: Inkomstebelasting	315 000	
Nominalerekeninge-afdeling		
Verkope		8 412 000
Koste van verkope	4 595 000	
Debiteure-afslag	112 000	
Diverse uitgawes	257 400	
Bankkoste	41 905	
Ouditfooie	75 600	
Verpakkingsmateriaal	15 400	
Herstelwerk en instandhouding	107 500	
Kommissie-inkomste		64 140
Direkteursvergoeding	736 000	
Salarisse en lone	1 020 000	
Werkgewersbydraes	156 000	
Rente op lopende bankrekening		3 000
Oninbare skulde	17 600	
Huurinkomste		87 720
Dividende op gewone aandele	360 000	

Aansuiwerings en addisionele inligting:

A. Voorsien vir R278 200 waardevermindering vir die finansiële jaar.

B. 'n Debiteur, P Maine, het op 27 Desember 2015 handelsware teruggestuur. 'n Kredietnota vir R1 600 is aan haar uitgereik. (Die kosprys was R900.) Geen inskrywings vir die terugstuur van die handelsware is gemaak nie. Hierdie items is weer in die voorraad opgeneem.

C. Die insolvente boedel van 'n debiteur, J Jabaroo, het 45 sent in die rand uitbetaal en op 31 Desember 2015 'n direkte deposito van R2 025 gemaak. Die uitstaande saldo moet afgeskryf word. Geen inskrywings is gemaak om die direkte deposito en die bedrag afgeskryf, te boekstaaf nie.

D. Die voorsiening vir oninbare skulde moet tot R8 000 verhoog word.

E. Die voorraadopname op 31 Desember 2015 het die volgende getoon:

- Handelsvoorraad R369 100
- Verpakkingsmateriaal R2 400

F. Die maatskappy het twee direkteure. Elke direkteur ontvang dieselfde maandelikse vergoeding. Een van die direkteure het nie sy direkteursvergoeding vir Desember 2015 ontvang nie.

G. Rente op die lening van Paris Bank is nog nie geboekstaaf nie. Rente word gekapitaliseer. Die leningstaat van Paris Bank ontvang, het die volgende getoon:

Saldo op 1 Januarie 2015	R601 600
Terugbetalings gedurende die jaar gemaak	R100 800
Saldo op 31 Desember 2015	R540 800

H. Daar was geen verandering in die maandelikse huur in die finansiële jaar nie. Die huurder het R6 000 vir herstelwerk aan die geboue betaal. Aangesien Musica Beperk vir alle herstelwerk verantwoordelik is, het die huurder hierdie bedrag van die huur wat hy vir November 2015 betaal het, afgetrek. Die herstelwerk is nog nie geboekstaaf nie, en die huur vir Desember 2015 is nog nie ontvang nie.

I. 'n Werknemer is uit die Salarisjoernaal weggelaat.
Sy besonderhede is:

Netto salaris	R12 150
Aftrekkings	R6 350
Werkgewersbydraes	R5 050

J. Inkomstebelasting vir die jaar is korrek as R300 300 bereken.

4.3 OUDITVERSLAG

Jy word voorsien van 'n uittreksel uit die onafhanklike ouditverslag van Sumba Bpk.

UITTREKSEL UIT DIE OUDITVERSLAG VAN SUMBA BPK.

Ons het bevind dat interne beheerprosedures nie nagekom is nie en dat dokumentasie vir 'n beduidende gedeelte van die transaksies getoets, nie bestaan het nie.

As gevolg van die gewigtigheid van die saak wat in die vorige paragraaf beskryf word, kon ons nie genoeg ouditbewyse bekom om as basis vir 'n ouditmening te dien nie. Gevolglik spreek ons nie 'n mening uit oor die finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2014 nie.

GEVRA:

4.3.1 Die ouditverslag is 'n voorbeeld van 'n (gekwalifiseerde/ ongekwalifiseerde/weerhouding-van-mening-) ouditverslag. (1)

4.3.2 Aan wie is die ouditverslag gerig? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

4.3.3 Verduidelik waarom hierdie ouditverslag waarskynlik 'n negatiewe uitwerking op die waarde van die maatskappy se aandele op die JSE sal hê. (2)

65

VRAAG 5: KONTANTVLOEISTAAT, ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE (65 punte; 40 minute)

Jy word voorsien van inligting vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2016, geneem uit die boeke van Chuta Bpk., 'n genoteerde publieke maatskappy.

5.1 **Verwys na Inligting C.**
Stel die Bateverkoperekening op ten opsigte van toerusting wat op 31 Augustus 2015 verkoop is. (9)

5.2 **Verwys na Inligting C.**
Bereken die bedrae wat deur **(a)** tot **(c)** aangedui is. (12)

5.3 Bereken die volgende syfers wat in die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2016 sal verskyn: (Toon ALLE bewerkings.)

5.3.1 Inkomstebelasting betaal (5)

5.3.2 Netto verandering in kontant en kontantekwivalente (4)

5.4 Stel die afdeling vir kontantgevolge van finansieringsaktiwiteite van die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2016 op. (7)

5.5 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2016: (Rond jou berekening tot EEN desimale punt of die naaste sent af, waar van toepassing.)

5.5.1 Netto batewaarde per aandeel (3)

5.5.2 Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (5)

5.5.3 Skuld-ekwiteitverhouding (3)

5.6 **Verwys na Inligting F.**

5.6.1 Die direkteure is nie tevrede met die likiditeitsposisie nie. Haal aan en verduidelik DRIE relevante finansiële aanwysers (met syfers) om hierdie stelling te staaf. (6)

5.6.2 Die direkteure het besluit om die lening in die huidige finansiële jaar te verhoog. Verduidelik waarom dit 'n goeie besluit was. Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers (met syfers) in jou antwoord. (8)

5.6.3 Die direkteure was tevrede met die prys waarteen die maatskappy die 40 000 aandele teruggekoop het. Gee 'n geskikte rede waarom die direkteure so gevoel het. Haal relevante finansiële aanwysers (met syfers) aan om jou antwoord te ondersteun. (3)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2016:

Verkope	R2 800 000
Netto wins voor belasting	1 240 000
Inkomstebelasting	**?**
Netto wins na belasting	892 800

B. Uittreksel uit die Balansstaat op 28 Februarie 2016:

	2016	**2015**
Vaste bates (drawaarde)	**?**	**?**
Vaste deposito: FS Bank	**1 450 000**	**1 200 000**
Bedryfsbates	**1 944 280**	**1 010 000**
Voorraad	975 700	345 000
Debiteure en ander ontvangbare bedrae	419 000	629 600
SAID (Inkomstebelasting)	0	17 400
Kontant en kontantekwivalente	549 580	18 000
Aandeelhouersbelang	**5 950 800**	**4 345 000**
Aandelekapitaal	5 402 000	4 200 000
Behoue inkomste	548 800	145 000
Verbandlening: TKO Bank	**1 950 000**	**400 000**
Bedryfslaste	**587 200**	**555 000**
Krediteure en ander betaalbare bedrae	437 800	165 000
Opgelope uitgawes	8 700	5 000
SAID (Inkomstebelasting)	35 700	0
Aandeelhouers vir dividende	105 000	275 000
Oortrokke bankrekening	0	110 000

C. Vaste Bates

(i)

	Grond en Geboue	Voertuie	Toerusting
Drawaarde aan die begin van die jaar	2 000 000		**(b)**
Kosprys	2 000 000		900 000
Opgehoopte waardevermindering	0		(470 000)
Bewegings:			
Toevoegings	**(a)**		150 000
Bateverkope	0		
Waardevermindering	0		**(c)**
Drawaarde aan die einde van die jaar	3 900 000		
Kosprys	3 900 000		930 000
Opgehoopte waardevermindering	0		

(ii) **Toerusting**

- 'n Ou drukker, gekoop vir R120 000, is op 31 Augustus 2015 teen drawaarde vir kontant verkoop. Opgehoopte waardevermindering op die drukker was op 1 Maart 2015, R38 400.
- 'n Nuwe drukker is op 1 September 2015 vir R150 000 gekoop.
- Waardevermindering op toerusting word teen 20% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode afgeskryf.

D. Aandelekapitaal

- Gemagtigde aandelekapitaal is 3 000 000 gewone aandele.
- In 2012 is 1 200 000 gewone aandele vir R3,50 per aandeel uitgereik.
- Op 1 November 2015 is 300 000 gewone aandele vir R4,50 elk uitgereik.
- Op 28 Februarie 2016 is 40 000 aandele teen R0,60 meer as die gemiddelde uitreikprys per aandeel teruggekoop.

E. Dividende

Die direkteure het 'n finale dividend van 7 sent per aandeel verklaar. Die aandele wat op 28 Februarie 2016 teruggekoop is, kwalifiseer ook vir die finale dividende.

F. Finansiële Aanwysers op 28 Februarie:

	2016	2015
Netto wins na belasting op verkope	31,9%	24,5%
Bedryfsverhouding	3,3 : 1	1,8 : 1
Debiteure-invorderingstydperk	36 dae	28 dae
Krediteurebetalingstydperk	45 dae	80 dae
Vuurproefverhouding	1,7 : 1	1,2 : 1
Omsetsnelheid van voorraad	3 keer	5 keer
Opbrengs op aandeelhouersbelang	?	17,5%
Opbrengs op totale kapitaal aangewend	24,2%	21,2%
Skuld-ekwiteitsverhouding	?	0,09 : 1
Rentekoers op lenings	10,5%	10,5%
Netto batewaarde per aandeel	?	362 sent
Markprys per aandeel	505 sent	480 sent

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6: BEGROTINGS (50 punte; 35 minute)

6.1 KOBUS HARDEWARE

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Kobus Hardeware, waarvan Kobus Groenewald die eienaar is.

GEVRA:

6.1.1 Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur **(a)** tot **(e)** in die Kontantbegroting vir Maart en April 2016. (17)

6.1.2 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir April 2016. (8)

6.1.3 Bereken die persentasie toename in diverse uitgawes. (4)

6.1.4 Die Kontantbegroting vir Maart en April 2016 dui daarop dat hierdie besigheid ernstige finansiële probleme in die gesig sal staar. Identifiseer TWEE items om hierdie stelling te staaf. Haal relevante syfers aan. (4)

6.1.5 **Verwys na Inligting K.**
Verduidelik waarom elk van die items 'n probleem vir die besigheid is. Noem TWEE punte in ELKE geval. (4 x 2) (8)

INLIGTING:

A.

'n Uittreksel uit die Kontantbegroting	**MAART 2016**	**APRIL 2016**
KONTANTONTVANGSTES		
Kontantverkope	**(a)**	237 600
Kontant van debiteure	144 400	**?**
Huurinkomste	3 000	**(c)**
Lening: Bull Bank	-	180 000
Kommissie-inkomste	26 600	28 000
KONTANTBETALINGS		
Kontantaankope van handelsvoorraad	**(b)**	257 500
Betalings aan krediteure vir voorraad	32 350	28 250
Salarisse en lone	61 240	61 240
Leningpaaiement	-	**(d)**
Rente op lening	-	**(e)**
Versekering	2 260	2 260
Onttrekkings	18 000	18 000
Afleweringsuitgawes	30 000	30 000
Diverse uitgawes	87 600	89 790
Kontantsurplus/(-tekort)		
Bank: Beginsaldo		
Bank: Eindsaldo	(75 300)	(44 900)

B. Die onderneming het slegs een verskaffer. Kommissie van 7% van die totale verkope is ontvangbaar in die maand wat op die verkope volg.

C. Kontantverkope beloop 60% van totale verkope.

D. Totale verkope vir Februarie 2016 was R380 000.

E. 10% van die handelsvoorraad word op krediet gekoop. Krediteure word ten volle betaal in die maand wat op die maand van aankope volg.

F. Invorderings van debiteure:

- 45% vereffen rekeninge in die maand van verkope en ontvang 5% korting.
- 50% vereffen rekeninge in die volgende maand.
- Voorsiening word vir 5% oninbare skulde gemaak.

G. 'n Huurder het 'n stoorkamer in ons gebou gehuur. Hy het op 15 Maart 2016 ingetrek en moes slegs die helfte van die huurbedrag betaal. Hy is in kennis gestel dat die huur jaarliks op 1 April met 5,5% verhoog.

H. Diverse uitgawes sal na verwagting maandeliks met 'n vaste persentasie verhoog.

I. Die lening, teen 10,5% p.j. rente, sal op 1 April 2016 uitgeneem word.

- Die lening sal met aanvang 30 April 2016 in 24 gelyke maandelikse paaiemente terugbetaal word.
- Rente op die lening is ook met aanvang 30 April 2016 aan die einde van elke maand betaalbaar. Rente word nie gekapitaliseer nie.

J. Die bank het vir Kobus 'n oortrekkingslimiet van R40 000 goedgekeur.

K. Kobus is bekommerd oor die volgende items wat onder/oor die begroting vir Februarie 2016 was:

Item	Begroot	Werklik	Onder/oor begroting
Invordering van debiteure	174 200	61 800	Onder
Betalings aan krediteure	39 400	15 600	Onder
Versekering	2 260	0	Onder
Onttrekkings	18 000	52 000	Oor

6.2 BESTUUR VAN VASTE BATES

Jy is die interne ouditeur vir Kobus Hardeware. Kobus is bekommerd dat hy te veel aan die aflewering van goedere by klante spandeer. Hy het die syfers vir 'n tipiese maand, Februarie 2016, aan jou voorsien.

GEVRA:

Identifiseer EEN probleem met betrekking tot elke voertuig/drywer. Haal syfers aan om jou antwoorde te staaf. Gee Kobus EEN voorstel (raad) vir ELKE probleem geïdentifiseer. (9)

INLIGTING:

A. Kobus het drie afleweringsvoertuie en drie drywers werk vir hom om goedere gratis by klante af te lewer. Daar word van die drywers verwag om vyf dae 'n week te werk. Daar is vier weke in Februarie.

B. Sommige klante woon naby terwyl ander verder weg woon. Geen klant woon verder as 20 km van die winkel af nie (d.i. maksimum 40 km heen en weer).

C. Inligting uit die rekeningkundige rekords vir Februarie 2016:

	Voertuig 1	**Voertuig 2**	**Voertuig 3**
Naam van drywer	Leroy	Fred	Bheki
Datum aangekoop	1 Mrt. 2014	2 Feb. 2012	1 Mei 2007
Drawaarde	R270 000	R102 000	R1
Getal dae deur drywer gewerk	12	20	20
Salaris van drywer per maand	R8 000	R5 000	R5 000
Getal aflewerings gemaak	48	80	120
Gemiddelde getal ritte per dag	4	4	6
Kilometer gery	1 300	4 600	3 000
Gemiddelde getal kilometer per rit	27	58	25
Brandstof (liter) gebruik	59	209	214
Kilometer per liter	22	22	14
Brandstofkoste (R11,31 per liter)	R668	R2 365	R2 424
Brandstofkoste per km	R0,51	R0,51	R0,81

50

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou